

2 Desember Kolossense 1:1-14; NGB 22,23; (Teks: 1:14)

Jesus en Jesus alleen red

As iemand vir u sou vra: Waarom moet jy eendag in die hemel toegelaat word, wat sal u antwoord? Party sal seker antwoord: Ek gaan gereeld kerk toe, ek lewe 'n skoon lewe, my bydraes is op datum en ek stel 'n goeie voorbeeld vir ander. Ek doen nie regtig lelike sondes nie. Trouens, ek kan nie eintlik eens onthou wanneer ek laas sonde gedoen het nie. Dit sou egter juis die verkeerde antwoord wees, want hierdie antwoord sê: Ek het met my mooi lewe die ewige lewe verdien; ek het my eintlik self verlos.

Die regte antwoord sou wees: Daar is net een rede waarom ek in die hemel toegelaat kan word: Jesus Christus. Hy het met sy bloed vir al my sondes betaal. Hy het die ewige lewe vir my verdien en aan my geskenk. Ek glo onwrikbaar in Hom.

Dit beteken nie dat ek deur my geloof gered word nie. Nee, ek word deur Jesus en deur Jesus alleen gered. Maar ek moet dit glo. Geloof is die band wat my vasbind aan alles wat Jesus vir my verdien het.

Jesus is die volkome en volmaakte Verlosser. Ek kan of hoef niks by te voeg by sy volmaakte verlossingswerk nie. Dit maak my so dankbaar dat ek voluit vir Hom wil leef.

Sing: Skrifberyming 8:1, 2

Ds. H.P.M. van Rhyn (Wilropark)